Pretoria-21 Julie 2013

Skriflesing: Mattheus 7:21-23; Efesiërs 1:4
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 12-14**
Sing- Ps. 119:9; Ps. 38:8; Ps. 119:38

Mattheus 7:21-23

Mat 7:21 Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is.
Mat 7:22 Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie?
Mat 7:23 En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!

Efesiers 1:4

Eph 1:4 ... soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees,

Dortse Leerreëls Hfst 5 paragraaf 12-14

12. Dit is egter totaal onmoontlik dat hierdie sekerheid van die volharding die ware gelowiges hoogmoedige en sorgelose mense sou maak. Dit is daarenteen 'n ware wortel waaruit nederigheid, kinderlike vrees, ware godsvrug, geduld in alle stryd, vurige gebede, standvastigheid onder die kruis en in die belydenis van die waarheid en blywende vreugde in God spruit. Ook is die oordenking van hierdie weldaad vir hulle 'n aansporing tot ernstige en aanhoudende beoefening van dankbaarheid en goeie werke, soos uit die getuienisse van die Skrif en die voorbeelde van die heiliges blyk.

13. Wanneer die vertroue in die volharding weer lewendig word in hulle wat uit 'n val in sonde weer opgerig word, bring dit geen ligsinnigheid of verwaarlosing van die godsvrug nie maar eerder 'n baie groter besorgdheid om nougeset die paaie van die Here te bewaar. Hierdie paaie is vantevore gemaak. Wanneer hulle daarop loop, behou hulle gevolglik die sekerheid van hulle volharding. 'n Verdere gevolg is dat die aangesig van die versoende God - waarvan die aanskouing vir die gelowiges soeter as die lewe en die verberging bitterder as die dood is - nie weer weens hulle misbruik van sy vaderlike goedheid van hulle afgewend word en hulle só in swaarder gemoedskwellings verval nie.

14. Dit het God behaag om sy genadewerk deur middel van die verkondiging van die evangelie in ons te begin. So bewaar Hy dit, sit Hy dit voort en voleindig Hy dit deur die aanhoor, die lees en die oordenking van die evangelie, deur die aansporing, vermanings en beloftes daarin en ook deur die gebruik van die sakramente.

Skriflesing: Mattheus 7:21-23; Efesiërs 1:4
Belydenis- **Dordtse Leerreëls Hoofstuk 5 paragraaf 12-14**
Sing- Ps. 119:9; Ps. 38:8; Ps. 119:38

Hoofstuk 5 van die Dordtse Leerreëls is nog heeltyd met volharding besig. Broeder en suster, in die vorige hoofstukke het ons geworstel rondom die geheim van hoe kan ek seker wees dat God my sy kind gemaak het. Ons het in paragraaf 10 die manier waarop die gelowige sekerheid kan verkry, wéér gehoor. Dit kan alleen deur die Woord van die Here gebeur. Die Woord van die Here, God se stem uit die hemel dit alleen gee sekerheid. Daar kan nie sekerheid kom uit allerhande losse gedagtes of dinge wat mense glo net aan hulle geopenbaar

is nie, maar die geloof aan die beloftes van die Here, dit maak dat ons aan God kan bly vashou. Die Woord gee die eerste en die laaste sekerheid, want die Woord en die Heilige Gees is nooit los vanmekaar nie. Daarom is die woorde in Rom 8:16-17 altyd vir ons so besonder kosbaar- ***16*** *Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;* ***17*** *en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.*

Ja, ons het ook in paragraaf 10 gehoor ons ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en na goeie werke maak dat ons groei in wat ons sekerheid kan wees, dit vorm deel van die geheim van volharding. Tegelyk het ons die vorige keer in par 11 ook gehoor dat daar is geen waarborg dat die gelowige nie soms in diepe vertwyfeling kan val nie. Gelowiges kom ook in diepe vertwyfeling, maar die Here hou hulle vas. Gelowiges is alles behalwe supermense wat heeltyd halleluja kan sing en uitroep. Ons raak dikwels in erge stryd vasgeval. Luister maar oor hoe Jeremia iets van hierdie stryd verwoord- Jer. 15:18- ***18*** *Waarom is my smart ewigdurend en my wond ongeneeslik? Dit weier om gesond te word. Sou U vir my waarlik wees soos 'n bedrieglike stroom, waters wat nie standhoudend is nie?* Wonderlik wat die Here vir Jeremia antwoord op hierdie intense vertwyfeling wat hy ervaar het. Die Here gee sy uitverkorenes nie prys nie- Jer.15:19-*20* ***19*** *Daarom, so sê die HERE: As jy terugkeer, sal Ek jou laat terugkeer, sal jy voor my aangesig staan; en as jy voortbring wat edel is, en niks onedels nie, sal jy soos my mond wees....* ***20*** *En Ek sal jou 'n onneembare kopermuur vir hierdie volk maak; en hulle sal teen jou veg, maar jou nie oorweldig nie; want Ek is met jou om jou te verlos en om jou te red, spreek die HERE.*

Hierdie vaste dinge, dinge wat ons uit die Woord aan vasgryp dit het gemaak dat die Remonstrante die gelowiges nog weer op 'n ander manier beskuldig het. Ons godsdiens is te maklik. Gereformeerdes bely dat alles van God se genade afhang. God doen alles. Jou vroomheid en goeie werke bring jou nie in die hemel nie. En jou sondes hou jou ook nie uit die hemel nie. Wat maak dit dan saak? Dan maak dit mos nie saak hoe jy leef nie? Alles kom mos altyd weer reg! Waarom sou jy jou dan inspan om met die Here te leef? Waarom sou jy dan stry teen die verkeerde dinge in jou lewe? Hoe diep jy ook val, jy kan mos nooit uit God se genade uitval nie.
So som die Remonstrante ons geloof op en dan beskuldig hulle ons dikwels ten regte dat baie mense in gereformeerde geledere maak asof hulle maar kan leef soos hulle wil. Hulle is mos

uitverkies. Hulle lewe en belydenis stem nie ooreen nie. Hulle is belydende Christene, maar hulle leef willens en wetens teen die Here se gebooie. Hulle is houtgerus, want hulle is mos kind van God!? Par 6 by die verwerping van die dwalinge gee hier ook ’n duidelike waarskuwing- Ons mag nie ons eie gebreke en swakhede as ’n sagte kussing sien en dink God sal mos vir my sorg, maak nie saak hoe ek lewe nie. Daar staan by die verwerping van die dwalinge… **Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Die leer van die sekerheid van die volharding en van die saligheid is, kragtens sy eie aard en wese, 'n kussing vir die sondige natuur en skadelik vir die vroomheid, goeie sedes, gebede en ander heilige handelinge. Daarteenoor is dit selfs lofwaardig om daaraan te twyfel.**

Om te twyfel kan nooit goedgepraat word nie. Tog kom dit oor ons, maar wat ons wel vandag besef om wel in jou geloof te volhard, om in jou geloof wel sekerheid te hê is alles behalwe ’n gemaklike posisie om in te wees, al is dit ’n wonderlike posisie. Hierdie volharding, hierdie sekerheid, as dit van die Here afkom gaan maak dat ek en jy al hoe meer ons aan die Here sal wil oorgee, al hoe meer aan die Here gehoorsaam sal wil wees. Dit wat ons as berou en geloof en gehoorsaamheid en bekering in ons lewens koester, om in geloof en gehoorsaamheid te volhard is geen maklike pad nie. Iemand het ’n keer gesê dat die geloof is soos ’n hangbrug. Dit kan ons uit 1 Pet.3 ook aflei. ’n Hangbrug wat twee baie hoë punte verbind. As mens oor so ’n hangbrug stap, dalk was u ook al op daardie brug by Oribi gorge, dan voel daardie houttrappies waarop mens loop maar dun in vergelyking met die hoogtes daaronder. Die kabels, die trappies, moet hou, al waai die wind en daardie hele brug begin heen en weer te wieg dan vat dit aan ’n mens.

Om hierdie hangbrug op die geloof toe te pas, wys eintlik vir ons drie dinge. Die aard van ons geloof, die beoefening van ons geloof en die einddoel van ons geloof is samehangende werkinge. Ons hoor ons geloof is werklik wonderlik geaard. Dit het die Dordtse Leerreëls ons keer op keer laat besef. Vas in God se verkiesing, in die ewige besluit van God wat niemand kan losruk nie, ja in die welbehae van die ontferminge van God, in wat maak dat God liefde is, daardie is ’n ewige liefde waarmee Hy sy kinders omvou. Ons hoor hoe Petrus hierdie liefde, hierdie vastigheid wat ons by God het omskryf. Ons kan ’n onverganklike, onbesmette, onverwelklike erfenis verkry. Dit word in die hemele vir ons bewaar. Ja, in die lewe waarin ons nou is swaai en slinger die geloof, maar God se beloftes wat oor die yslike diepte tussen tyd en ewigheid bly hang is onveranderlik vas.

Die doel van ons geloof is om vandag weer te besef dat om in die geloof seker te wees is om in die wil van die Here te wil lewe. Dit sal ons alles behalwe hoogmoedig en sorgeloos maak. Hoe meer die hangbrug waarop ek is onder my heen-en-weer- swaai, hoe meer ek sukkel om hierop treetjie vir treetjie te vorder, hoe kleiner is die kans om myself in beheer van die lewe te beskou. Trouens alles wat die Dordtse Leerreëls hier beskryf gebeur met ons. Nederigheid, kinderlike vrees, ware godsvrug, geduld in alle stryd, vurige gebede, standvastigheid onder die kruis, belydenis van die waarheid, blywende vreugde. Al hierdie dinge gee eintlik maar net weer aanleiding tot dankbaarheid en goeie werke. Inplaas van hoogmoedig en sorgeloos te wees maak die volharding van die gelowige Hom dankaar na di eis van wat die wil van die Vader is. Hieroor het ons Hemelse Vader dit baie duidelik gemaak sonder om nie na die wil van die Here te soek, die wil van die Here te vra, die wil van die Here te doen nie, gaan ons ou hangbruggie al sy plankies verloor en gaan ons in die dieptes afstort. Om te wil roem in groot dinge, ek dryf duiwels uit, ek profeteer, ek doen kragtige dade, maar ek doen nie die eenvoudige dinge wat die Here van my vra nie, dan sal die Here sê – Ek ken jou nie... Ek het jou nog nooit geken nie, *gaan weg van my julle wat die ongeregtigheid werk...*

Dit gaan daaroor dat God in my lewe sy wil, wil laat geskied. Par. 13 stel dit so duidelik- **Wanneer die vertroue in die volharding weer lewendig word in hulle wat uit 'n val in sonde weer opgerig word, bring dit geen ligsinnigheid of verwaarlosing van die vroomheid nie, maar eerder 'n groter begeerte om nougeset in die paaie van die Here te loop...** Dit is paaie wat vantevore gemaak is. Bly daarop! So stel die res van par 13 dit- wie op hierdie paaie bly sal die sekerheid van hulle volharding behou. God wat vergewe, ons wat versoen met die Here kan lewe, daar is niks aangenamer en soeter as om in versoening met die Here te lewe nie. Dit bring vrede, dit is soeter as die lewe het ons gesê. Daarsonder staan ons verbitter, ja die Dordtse Leerreëls sê, sonder die pad van die Here, as jy nie die wil van die Here soek nie, of anders gesê soos die Dordtse Leerreëls dit sê **as jy die wil van die Here in jou lewe verberg, dit is bitterder as die dood.**

Dan maak ons misbruik van die Here se vaderlike goedheid. Ons wil profeteer, ons dryf duiwels uit, ons wil kragtige getuienis oor onsself lewer, maar God se wil word eenkant geskuif. Die woorde van Matt.7 en Ef. 4 staan bymekaar. Ons moet heilig, sonder gebrek, in liefde vóór die Here staan. So wil God jou ken, as een wat met alles wat in par 14 staan met ons besig wil wees. Al die bekende dinge, maar die tog só belangrike dinge, waarsonder ons

nie kan klaarkom nie. Die Woord en die verkondiging van die Woord is wéér voorop. Só begin God sy genadewerk in ons deur die verkondiging van die evangelie. God het daarin 'n vreugde. Die Dordtse Leerreëls sê dit **behaag God.**

Die aanhoor, die lees, die oordenking van die Evangelie, is soos 'n halssnoer met die kosbaarste edelgesteentes daarop ingeryg. Hierin bewaar die Here ons, sy bewaring hou nie op nie. Dit heeltyd op dieselfde manier nl. deur sy Woord en die Woord wat die sakramente in ons lewens inbring. So word ons aangespoor en vermaan en terwyl ons die sakramente gebruik kan ek alles behalwe sorgeloos, hoogmoedig daarop aanspraak maak. Dit is buite die kwessie, want wie genade sien en wie genade ontvang en wie genade ervaar, kan nie anders as om net uit te roep- *Ek ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood...*(Rom 7:24).

As ons na alles kyk dan is dit 'n aansporing om teen die sonde te stry. Die sonde moet nie oor my heers nie (Rom.6:14).). Dis 'n innerlike teenstrydigheid om myself 'n christen te noem terwyl ek rustig die verlangens van my sondige natuur volg. Wanneer God iemand uitverkies, dan kies Hy hom uit tot heiligmaking en nie tot onheiligheid en sonde nie. As iemand sê dat dit nie saak maak hoe jy leef nie, omdat God jou uitverkies het, mislei hy homself. Wanneer jy besef dat jy jou geloof heeltemal van God ontvang het en dat jy slegs deur Sy bewaring in die geloof kan volhard, dan wil jy nie meer sonde doen nie. Inteendeel, dan <u>wil</u> jy God daarvoor dank dat Hy die werk wat Hy in jou begin het, sal klaarmaak. Daarom is dit 'n gruwelike vertekening van die christelike geloof om te beweer dat die leer van die volharding tot losbandigheid sou lei. Juis die teenoorgestelde is waar.

Die einddoel van ons geloof is om die reiskleed van die geloof te verwissel met die feesklaad van aanskouing. Terwyl ons op die hangbrug is, het ons 'n reiskleed aan, op pad na die volmaakte, die ewige saligheid. Dit wat in Hebreërs 11:6 staan laat ons besef *sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.*

Ons sluit af- Mense wil baie keer baie bewyse aanbied dat hulle gered is. Maar, die enigste konkrete bewys dat ek gered is, is my verlange om met die Here te wil lewe tot die einde van my lewe. Om te volhard. Dink maar watter "bewyse" mense vandag aanvoer waarom hulle

gered is. Baie wil na geestelike ervarings bewys. Dinge wat hulle kan doen wat ander nie kan doen nie. Hande in die lug...meegevoer.

Ons was al vanoggend met Judas Iskariot besig. Dink maar weer ’n bietjie aan hom. Hy was verlore terwyl hy ‘n prediker was, duiwels uitgedryf het en siekes gesond gemaak het. In Matteus 10 sien ons dat Judas ook hieraan deel gehad het. Maar, hy wou nie volhardend met die Meester leef nie. In Matteus 7:22 sê die Here dat Hy vele mense wat wonders gedoen het, glad nie ken nie. Wie Hy wel ken is diegene wat Sy wil wou doen.

***

Dis nie die buitengewone en dramatiese dinge wat bewys dat jy ’n ware christen nie, maar die doen van die wil van die Here. Om te luister en te doen, dit bewys dat jy ’n geestelike mens is. Al die uitverkorenes sal volhard tot die einde. Die enige bewys wat jy het dat jy so ’n persoon is, is dat jy volhard. Geestelike ervarings is nie noodwendig ‘n bewys van verlossing nie. Die enigste konkrete bewys dat ek gered is, is dat ek wil volhard en groei in die geloof (ten spyte van baie stryd) tot die einde toe.

Ja, gelowiges kan tot sondes verlei word. Maar, so ’n gelowige kan nie in so ’n sondige toestand bly lê nie. As hy ’n ware kind van God is, sal hy altyd terugkom. Maar daar is ook die afvalliges. Hulle wat hul geloof bely het, geestelike ervarings gehad het, maar nooit gered was nie. Hulle kom ook nie weer terug na die Here nie. Hierdie leer moet ons nie verras nie. God het ons mos in Christus uitgekies om heilig voor Hom te wees (Ef 1:4).

Alle uitverkorenes is dus uitverkies om heilig te wees. Slegs deur heilig te wees het jy ’n bewys dat jy uitverkies is. So lees ons ook in Titus 2:14 dat Christus Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself ’n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke. Indien ek nie rein en ywerig in goeie werke is nie, het ek geen bewys dat ek verlos is nie. Dis onmoontlik dat ’n uitverkore, verloste sondaar verlore sal gaan. Dis ook onmoontlik dat ’n uitverkore, verloste sondaar soos die wêreld sou leef of definitief na die wêreld sou terugkeer. Die enigste bewys dat jy waarlik gered is, is dat jy wil groei in geestelike dinge.

Om die Here se aangesig te sien is soeter as die lewe. Ja, dit is die LEWE.

AMEN

Paragraaf 12



Paragraaf 13



Paragraaf 14



ERROR: syntaxerror
OFFENDING COMMAND: --nostringval--

STACK: